

HOOFSTUK VII

DIE HULPWERKWOORDE

GRAMMATIKALISASIE

DIE hulpwwe. kom in die meeste grammatikas ter sprake by die logiese of ontologiese kategorieë soos *Tyd*, *Modaliteit* en „*Vorm*.” Hoewel dit begryplik is, lei dit tot die gevaar van logistiese ontsporing, d.w.s. hulle word beskou as blote „*grammatiese vorme*” met geen eie betekenis nie.

Die ontsporing blyk duidelik by 'n woord soos *sal*, wat volgens die grammatici bloot 'n aanduiding van die toekomende tyd is. So 'n beskouing laat egter geen ruimte vir die volgende gebruike van *sal* nie:

„Julle sal seker nie kan verstaan waarom ek die aanbod weier nie (= is seker verwonderd). — Daar is mense wat oor die sotste dinge sal vrolik word (= vrolik word). — Dit sal seker nie alles waar wees nie (= is seker nie). — Jafta is maar baie onnutsig, en hy sal weer iets ongehoords aangevang het (= het seker aangevang). — Wildes, half verkleum van die koue, sal op 'n versigtige afstand van so 'n natuurlike vuur gekom het (= het seker). — En een of ander vernuftige sal op die gedagte gekom het om vars houtjies op te gooi (= het seker). — Selfs in Kaapstad sal die kennis van Engels nog glad nie algemeen gewees het nie (= het dit seker nie gewees nie).” (Vgl. bl. 117.)

Selfs 'n noukeurige taalwaarnemer soos Jespersen begaan hierdie fout wanneer hy skryf oor *Non-temporal Use of Tenses* (Phil. of Gr., bls. 265 vlg.) asof die aanduiding van tyd die primêre funksie van die betrokke woorde was, terwyl dit werklik 'n *afgeleide waarde* is. Maar in sy

latere publikasie, *The System of Grammar*, besef hy dit gedeeltelik wanneer hy verklaar: „Will, would, shall, should are best treated in such a way that we take first each verb in its old full meaning and afterwards its gradual dwindling down into a mere auxiliary of the future time” (bl. 38).

Dit geld egter ook vir die ander hulpwwe. wat Jespersen nie noem nie, want by al dergelike woorde het ons te maak met die proses van Grammatikalisasie wat Meillet so meesterlik uiteengesit het in sy opstelle: *L'évolution des formes grammaticales. Le renouvellement des conjonctions. Sur la disparition des formes simples du préterit* (Ling. Hist.).

Altyd weer vind ons dat sulke woorde as 't ware verstand raak in 'n bepaalde gebruik. Hulle boet hulle aanskoulike of konkrete karakter in en word abstrak. Soms vorder die proses só ver dat hulle hulle selfstandigheid prysgee en woardelemente word. Maar in die loop van die proses vind ons allerlei oorgangsgevalle, o.a. dat hulle in twee gebruike kan voorkom, nl. as selfstandige wwe. en as hulpwwe., vgl.: „Die son *skyn*. — Hy *skyn* dit te weet.”

In samehang hiermee vind ons dat die ww. een keer met die inf. verbind word deur middel van *om* (*te*) en 'n ander keer sonder tussenskakels (vgl. bl. 111).

Die proses van Grammatikalisasie lei daartoe dat die hulpww., hoewel sintakties die hoofww. (verbum finitum), psigologies en ook semanties 'n blote bepaling van tyd, aspek of modaliteit word by die inf., wat psigologies verhef word tot hoofww. (Overdiep, bl. 439). Ons kan die proses merk by skoolkinders wat *gehelp* i.p.v. *het* as die ww. in 'n verbinding aandui. Dit kan ook gebeur dat die hulpww. op dié manier tot 'n werklike bywoord daal. Dus: „Hy sal *aanhou* (hww. of bw.) wil afval. — Die storm het ook saam *aanhou* (bw.?) tamboer geslaan.” In die spreektaal kom *aanhou* as onbetwisbare bw. voor: „Hy sê dit *aanhou*. — Hoekom vra jy my *aanhou* dieselfde vraag?”

Ook in Ndl. is daar voorbeelde van verstarring van die hww. in sekere groepe, soos ons merk in die volgende sin

waar die verbinding in toto in die passief oorgebring is: „den strijd, die 37 jaar geleden door mij is gevoerd moeten worden” (Kloos; vgl. ook Overdiep, parr. 238, 145).

DIE HULPWERKWOORDE VAN ASPEK

Die proses van Grammatikalisasie blyk baie sterker by die hww. van Aspek as bv. by die modale hwwe. Dit is ook nie vreemd dat juis by hierdie begrip die proses van verslyting en vernuwing duidelik te merk is nie, want „die kategorie van Aspek is meer konkreet of aanskoulik as dié van Tyd” (Meillet: Ling. Hist., bl. 185).

Die opvallendste kenmerk van die hwwe. van Aspek is hulle weifelende karakter; hulle kom as selfstandige wwe. en ook hulpwwe. voor. Dit blyk duidelik uit hulle gebruik, want ons vind dikwels twee of drie moontlike sintaktiese vorme met weinig verskil in betekenis of waarde (vgl. ook bl. 89).

Die belangrikste wwe. van hierdie klas is: aanhou, ophou, bly, begin, gaan, kom, loop; (die ander hwwe. van Aspek het ons reeds onder Hendiadys bespreek).

(1) Aanhou

Die verbinding geskied met behulp van *met*, *om te*, of sonder 'n verbindingswoord, bv.: „Hy hou aan met lol. — Jy hou aan om dit te sê. — Hy sal aanhou die esels moor. — Hy het besluit om aan te hou werk.” (Vgl. ook bl. 127.)

(2) Ophou

Dié ww. stem ooreen met *aanhou* in alles behalwe dat dit nooit 'n bywoord kan word nie, omdat die betekenis dit nie toelaat nie, bv.: „Hy hou op met gesels. — Julle sal nooit ophou om houthakkers en waterputters te wees nie. — Hou op raas.”

(3) Bly

Ons kan die gegrammatikaliseerde betekenis skei van die selfstandige betekenis (= woon, aanbly). In laasg. betekenis word dit met *om te* as finale bepaling gebruik, en in eersg. betekenis sonder verbinding, bv.: „Hy bly agter om alles weer op te ruim. — Ons bly in die voorstede om te bespaar. — Toe staan die son stil en bly die maan staan. — Ek bly maar kyk na hom. — Toe bly oom Gert staan.”

(4) Begin

Ons vind verbindings met *om te*, *te*, of bloot *begin* + inf., sonder verskil in betekenis. Dit gaan saam met die wisseling van die vorme *begin*, *begint*, *beginne*. M.i. word *te* bloot as oorgangsklank gevoel, en daarom vind ons òf *begin te*, òf *begint te*, òf *beginne* + inf., maar selde „beginne, begint + om te,” behalwe wanneer daar ander woorde tussen die ww. en die inf. staan, bv.: „Vroutjie begint hom lief te kry. — Die een begin hardloop. — Die groot bome beginne ook al skaars te word. — Buite begin dit te skemer. — Toe stap hy terug en beginne raas.”

(5) Gaan

Soos ek i.v.m. die Hendiadys opgemerk het, kan 'n handeling soms gesplits word in sy dele waarby die beweging dan gewoonlik 'n begeleidende verskynsel is. Dit verklaar sielkundig waarom ww. van beweging in soveel tale hww. word, bv. *aller*, *venir* in Frans, *going to* in Engels.

In Afr. kan die ww. *gaan* òf selfstandig gebruik word met 'n bepaling van doel ingelei deur „om te,” òf as hww. met 'n naakte inf.

As hww. dui dit veral die *ingressiewe Aspek* aan, soms met sy konkrete waarde en soms met die implikasie dat dit die *toekoms* aandui. Die juiste waarde hang van die verband af, maar ons kan sê dat die abstrakte waarde waardeur dit tyd of aspek aandui, toeneem na mate

die konkrete waarde verbleek. Vgl.: „Jy moet gaan platlê. — Waarskynlik wou De Wet die kommando's gaan reorganiseer. — Hy gaan beteuterd staan en kyk. — Sy sal maar weer gaan trou. — Pa gaan die plaas binnekort verkoop. — Ek gaan nie my kop in so 'n ding steek nie. — As daar iets goeds gaan gebore word. — Mnr. Roux gaan hom laat voel hoe onmisbaar hy, mnr. Roux, is. — Gaan jy ook jou bes probeer doen? — Ons gaan hom hoor sing. — Sal jy hom gaan help soek? — Wanneer gaan julle begin werk?”

DIE HULPWERKWOORD VAN REKSIE

Laat

Onder die reksieverhoudings val die onegte teenstelling aktief-passief. Die passief het ons uitvoeriger bespreek, maar hier wil ek slegs wys op die hww. laat, waarmee ons die hele reksie verander en wel so dat die subjek die handeling veroorsaak en die objek subjek is van 'n neutrale inf.; by (2) soms die indirekte objek.

1. Toelaat.—Vgl.: „Hulle het die stad laat oopstaan. — Ek laat jou nie gaan nie. — Maar Josua het Ragab laat lewe. — En so het hulle my dan maar laat ry.”

2. Veroorsaak.—Vgl.: „In die tyd het Josua hulle laat sweer. — Die versterking van die eilandé het hom nie juis rustig laat voel nie. — Die perskebrandewyn het party van hulle laat lekker voel. — Dit laat net die begroting styg.”

Soms ontbreek die implisiete subjek, bv.: „En Josua en die hele Israel het (die Filistyne) hulle laat verslaan. — Hy het (ons) niks laat hoor nie. — Vanmôre het Jan al (die meidjie) laat meel leen. — En nou laat hy (vir my) met sy seun weet. — Hy laat (sy seun) v^ra ons moet hom tog help.”

Ons vind 'n aantal uitdrukkings waarin *laat* + *inf.* 'n byna onskeibare eenheid vorm. Vgl.: „Laat staan my. — laat los my hand. — En toe het hy laat vat, spat, saai, spaander.”

Die verbindings word, saam met ander, uitvoeriger bespreek op bl. 126.

DIE MODALE WWE.

Onder die modale wwe. vind ons *durf, behoort, hoef* wat 'n tussenposisie beklee net soos *aanhou, ophou, laat* e.a. Hulle is naamlik wwe. wat slegs ten dele gegrammatikaliseer is en dus verskillende sintaktiese en morfologiese vorme vertoon. Dit is opvallend hoeveel die sintaktiese vorme van die drie wwe. ooreenkom met die konstruksies met *dare, need, ought* in Engels (vgl. Kruisinga in *Handbook of Present-day English, Accidence and Syntax I*, bls. 290 vlg.).

(1) *Durf*

Histories behoort die ww. tot dieselfde onreëlmatige groep as die modale wwe. (Schönfeld, bls. 167—8), maar in Afr. toon dit die sintaktiese kenmerke van *aanhou, begin* ens. Deur die verlies van 'n sekondêre vorm „dorste” vind ons 'n weifeling in die verlede tyd tussen *het + gedurf + om te, het + durf + inf., durf + inf.*, bv.: „Hoe het jy gedurf om voor te gee ek verstaan (Hettie Smit). — 'n Volk so heg soos ons hom nooit durf droom het nie (Van Wyk Louw). — Ons had tamelik woelige vergaderings destyds. As iemand durf opstaan met die onskuldigste beswaar . . . dan moes hy mishandeling verlief neem (Langenhoven).”

Dit is opvallend dat ons in die teenw. tyd nooit durf met *om te* vind nie, bv.: „Hy alleen durf vereer word.”

Weens die weifeling in die verlede tyd verkies baie skrywers „gewaag + om te.”

(2) *Behoort*

In soverre hierdie ww. uitdruk die spreker se opvatting van wat reg is, kan ons verwag dat dit geen verlede of toekomstige tyd het nie.

Hoewel dit gevaarlik sou wees om die verlies van die Nederlandse imperfek „(be)hoorde” toe te skryf aan dié logiese oorweging, is dit tog opvallend dat in Engels *ought*, ’n modale vorm van „owe,” ook tydloos is.

Die verbinding *behoort* + *deelw.* + *het* druk dus nie die verlede tyd uit nie, maar ’n veronderstelling omtrent iets wat reeds plaasgevind het, d.w.s. ’n *irrealis* of onwerklike stelling.

Logies is die subjek ’n nexus bestaande uit „subjek + *deelw.* + *het*” en die gesegde „behoort,” bv.: „Hy behoort nou al hier te gewees het.” Subjek: „Hy nou al hier te gewees het,” gesegde: „behoort.”

So ook: „Dis so koud. Jy behoort vir ons ook kole te gemaak het. — Hulle behoort nie te geslaan het nie. — Jy behoort dit te geweet het.”

(3) Hoef

Soos „behoort” druk dit ’n modaliteit uit, nl. *noodsaaklikheid*, maar anders as die vorige ww. sluit die betekenis nie ’n verlede of toekomstige tyd uit nie.

M.i. kan die verdwyning van die imperfek „hoefde” verklaar word as ’n gevolg van die klankwette t.o.v. die auslaut in Afr. Dit is egter opmerklik dat in Eng. die hww. *need* geen imperfek het nie en ook sy verlede tyd omskrywe, bv.: „It was not necessary for him to say it.”

Die verlede tyd word op verskillende wyse uitgedruk:

- (a) *Hoef* + *deelw.* + *het*, bv.: „Jy hoef die werk nie te gedoen het nie.” Hierdie sin kan ook ’n *irrealis* wees, soos die Engels: „You need not have done it.” Daarnaas kan ons ’n egte verlede tyd stel: „Die Vryburgers het plase gekry om te bewerk vir drie jaar, hulle hoef nie belasting te betaal het nie, maar na drie jaar moes hulle ’n tiende van die graan aan die Kompanjie gee” (skoolopstel).

- (b) *Dit was (nie) nodig*, bv.: „Dit was nie vir my nodig om dit te doen nie.”

(c) *Was (nie) verplig*, bv.: „Hy was nie verplig om te bedank nie.”

Die ww. kom slegs in bepaalde verbindings voor, meestal met „nie,” ’n enkele keer met ’n ander beperkende of negatiewe woord, bv.: „Ons hoef nie nou al te groet nie. — Al die manskappe hoef nie op te trek nie. — Hy vind dat hy hom min hoef te bekommer. — ’n Plan wat net in kleiner besonderhede gewysig hoef te word. — ’n Mens hoef maar net jou oog daaroor te laat gaan om dit te besef.”

As ’n uitsonderlike verbinding kan ons die volgende beskou: „Partymaal moet dit, maar partymaal hoef dit nie te moet nie” (Langenhoven).

DIE EINTLIKE MODALE HULPWERKWOORDE

PRIMÊRE EN SEKONDÊRE VORME

Anders as *behoort, darf, hoef* het die hulpwwe. *kan, moet, sal, wil* ’n tweede reeks vorme: *kon, mog, moes, sou, wou*. Die eerste reeks kan ons **primêre** en die tweede **sekondêre** vorme noem.

Hierdie sekondêre vorme dui *nie tyd* aan nie maar *modaliteit*, soos ook in Engels. „May, might, shall, should, must and ought are not now felt as belonging to a conjugational system like other verbs. They indicate present or future time when associated with the present infinitive, but point to the past when associated with the perfect infinitive, so that it is not they, but the infinitive that indicates time” (Curme, bl. 410). Ook sê Curme dat die inf. die gesegde- en tydverhoudinge dra terwyl die modale wwe. „only give a touch of colour to the statement” (bl. 411; vgl. ook Kruisinga, bl. 290). M.a.w. die tydstrap word aangedui deur die saamgestelde inf. (deelwoord + het) en nie deur die hoofww. (vf.) nie.

Die Reksie van die Modale Hulpwwe.

Op bl. 50 het ons dit terloops genoem dat die modale wwe. ook *onpersoonlike* begrippe uitdruk. Die reksie van

die modale wwe. is egter 'n ingewikkelde saak, want dit staan ook i.v.m. die *Persoon* van die subjek. By 'n ww. soos *sal* is dit van belang of die subjek 1ste, 2de of 3de persoon is, want daarvolgens kry *sal* verskeie nuanses, vgl.: „Ek sál dit doen! — Jy sál dit doen! — Hy sál dit doen!” In die eerste sin het ons *besliste voorneme*, in die tweede *dwang* en in die derde ook iets van dwang. Ons kan *sal* in die eerste sin deur *wil* vervang, maar in die ander twee deur *moet*.

Afgesien van hierdie nuanses is daar nog die belangrike onderskeid tussen *persoonlike* en *onpersoonlike* reksie, vgl.: „Jy kan mos swem. — Dit kan nie waar wees nie.”

Opmerking: In hierdie verband is die opmerking van W. Porzig interessant dat die „sintaktiese gebruik van die konjunktief die beste daardeur kan verklaar word dat hy oorspronklik 'n modus van die 1ste persoon was” (Atti del III Congresso, bl. 298; vergelyk ook dergelike beskouings by Pos in Het Onbepaalde, bl. 11, en A. Belic in Atti III, bl. 228).

(1) *Sal, sou*

Die onderskeid tussen die twee vorme is nie in die eerste plek temporaal nie dog modaal: die primêre vorm is stilliger en beslister as die sekondêre vorm. Dit geld ook vir die primêre en sekondêre vorme van *moet*, *kan*, *wil*.

SAL

1. Die *wil*, *berêidverklaring* of *versekering* van die spreker in 'n hoofsin, of van die subjek van die hoofsin in 'n bysin.

HOOF SIN, bv.: „Ek sal dit nie wegsteek nie; ons moet trek. — Julle sal nie sterf nie. — Ek sal nie juis sê hulle lieg nie.”

BY SIN, bv.: „Hy besluit dat hy nie terug sal antwoord nie. — Hy eis dat sy sal gehoor gee. — Hulle beveel dat niemand by hom sal bly nie. — Ek seg jy sal nie skiet nie.”

2. Die *wil* of *versekering* of *dwang* van 'n ander, bv.: „Hoekom sal ek bedaar wees? — Hulle sal glo nuwe bevels ontvang. — Is dit reg dat 'n biskop so sal geherberg word?”

3. *Versterking*, bv.: „Hy vat hom soos 'n draer 'n gerf sal vat.”

4. Uit hierdie algemene waarde het ontstaan die spesifieke gebruik om die *toekoms* aan te dui, maar dit moet steeds in die oog gehou word dat die woord in die eerste plek iets anders beteken. Die futurum is in baie tale verbonde aan 'n modale gebruik. „(Der reine Zeitbegriff des Futurums) ist dem niederen Volke wohl kaum in einer Sprache sonderlich geläufig. Wenn immer steht der gemeine Mann den kommenden Dingen eher wollend, wünschend, hoffend und fürchtend, als rein beschaulich, erkennend oder gar wissend gegenüber” (Winkler, bl. 49).

Ten spyte van sy gebruik as temporale woord bly dit 'n modale hww. Teenoor die *wilsmoment* in „sal” staan die *ingressiewe Aspek* van „gaan” as hww. vir die futurum.

Sou

1. Verlede tyd van „sal,” veral in betekenis 4, bv.: „Daardie aand sou ons gaan slaap. — Hy het 'n groot werk gehad. Dit sou hom 'n maand neem. — Hulle was begaan dat hy 'n goeie prys sou kry. — Hulle het aangeneem dat ons sou probeer oortrek. — Hulle was oortuig dat Transvaal sy vryheid sou terugkry.”

Let op die gebruik waar 'n verteller sy verhaal vooruitloop, bv.: „Vanmiddag het L. die brief geskrywe, die brief wat so 'n geweldige betekenis vir haar sou hê. — Dit het die nasie gestaal vir die stryd wat hy later sou moes voortsit. — Hulle het gespartel om voor te bly, maar sou dit helaas nie lank volhou nie.”

2. Om *vae moontlikheid* in die teenw. of verlede tyd uit te druk, of as blote *versagting*. Hierdie gebruik vind ons veral in voorwaardelike sinne, bv.: „Dit sou hulle 'n fortuintjie inbring as hulle dit sou verkoop. — Ek sou min stemme kry as ek sou staan. — As hulle dit later sou

sê, dan sal ons sê. — Dit sou te lank duur om alles op te noem. — Wat sou die fout wees? dink hy."

SAL + DEELW. + HET

Uit die gebruikstipe no. 2 van *sal* + *inf.* wat 'n versekering aandui, kan maklik onpersoonlike reksie ontstaan, vgl.: „As hy dit sê, dan sal dit so wees. — Hulle sal seker teen dié tyd al weg wees."

Hierdie onpersoonlike reksie vind ons ook in die verbinding met *deelw.* + *het*, vgl.: „Die kranse sal anders gelyk het toe die eerste watertjies daarbo begint het. — Ek glo dat hy dit destyds sal gedoen het" ('n hipotese).

Die verbinding word selde in persoonlike reksie aangeref. Ek kon slegs voorbeelde in grammatikaboeke vind: „Volgende week sal ons die eksamen klaar geskryf het."

SOU + DEELW. + HET

(A) Gesien die waarde van die sekondêre vorm (vgl. bl. 116), kan ons begryp hoe bostaande verbinding in onpersoonlike reksie 'n *vermoede*, 'n *gissing* of vermelding van *gerugtes* aandui: „A. sou belowe het om versterkings te stuur (= Dit word beweer dat A. belowe het). — Die minister sou dit beweer het. — Waarom sou hy die naam gegee het? — Sou hy afgeluister het? — Hoe sou die eerste mens op die uitvindsel gekom het?"

(B) In die persoonlike reksie lei die *vae* of *versagte* waarde van „sou" tot die uitdrukking van *vae moontlikheid* (of Irrealis). (Vergelyk die gebruiksgeval no. 2 van *sou* + *inf.*) Wanneer dit verbind word met die voltooid-vorm kry die geheel die stempel van *onwerklikheid* (die Irrealis). Dit geld ook vir dergelike verbindings met *moes*, *kon*, *wou*, (*mog*).

Vgl.: „'n Mens sou gedink het dat dit hom sou belet het. — As jy gewillig sou gewees het, dan het ek ja gesê. — As dit vyande was, sou hulle dit smoor gehad het. — Hy sou vandag 'n dertig jaar gewees

het. — Om skuilplek te soek sou niks gehelp het nie. — Hy sou graag die gaselle agterna wou gesit het. — Hy sou hulle liever alleen wou gehad het. — Had 'n ryk man gekom om die boom te koop . . . hy sou my nie genoeg kon aangebied het nie. — Ons sou anders groot kuns kon gehad het, selfs as ons nie 'n nasie was nie. — Dit sou begin woel het. — Ek sou dit nie durf verwag het nie."

Let op die ontbreek van 'n prefiks by *ly* in die sin: „Hulle sou honger wou *ly* het as hulle 'n huisie kon besit het."

(2) Moet, moes

(A) In *persoonlike reksie* verskil die waarde van *moet* volgens die persoon van die onderwerp. Is die subjek in die 1ste persoon, dan vind ons selfopgelegde dwang: „Ek moet dit nou doen." Maar in 'n vraag of 'n bysin druk dit die begeerte van die hoorder of subjek van die hoofsin uit: „Moet ek dit doen? — Hy het gesê ek moet ophou."

As die subjek in die 2de of 3de persoon is, druk dit die begeerte of dwang, d.w.s. bevel of verbod (by 2de pers.), van die spreker of subjek van die hoofsin uit: „Jy moet sorg daarvoor. — Moenie staan en neul nie. — Sy moet tog net gesond word. — Dis sy verlange dat sy moet terugkom."

Soms druk dit 'n versekering uit: „As ons dit uitborsel dan moet jy 'n ding sien."

(B) In die *onpersoonlike reksie* druk die verbinding 'n *logiese noodsaaklikheid* uit ongeveer soos die hipotese met *sal* (vgl. bl. 117), bv.: „Die saers moet glo al op tweede asem wees. — Ek verbeel my hy moet verbouereerd voel."

MOES

Oor die algemeen druk *moes* dieselfde uit as *moet*, met 'n tydsverskil.

(A) In die *persoonlike reksie* vind ons: „Hy moes hom so voordoën. — 'Jy het besef dat dit beloon moes word. —

Hy het aan die hand gegee dat geen hulp moes verleen word nie. — Hy het die wens uitgespreek dat ek 'n plan moes maak. — Ek het gedwing dat Neef moes saamgaan."

(B) As *onpersoonlike reksie* kan ons die volgende beskou: „Ek sou gedink het jy moes weet daarvan. — Hulle het nie besef dat ons Boere moes wees nie.” Dit druk 'n *logiese noodsaaklikheid* uit.

Maar *moes* het ook 'n modale waarde wat verskil van die primêre vorm: „Ek moes jou eintlik ongesien kon beloer.” Hier het ons geen verlede tyd soos by die ander voorbeelde nie, maar *vae moontlikheid in die teenwoordige tyd*.

MOET/MOES + DEELW. + HET

(A) In die *onpersoonlike reksie* wat 'n *hipotese* uitdruk, ongeveer soos *sal + deelw. + het*, vind ons sowel *moet* as *moes*. Logies lyk *moet* die juiste vorm, en daarom verkies Langenhoven en prof. T. H. le Roux dit (vgl. Versamelde Werke 14, bl. 24; Afr. Taalstudies 1946, bl. 47).

Nietemin is die verbinding met *moes* in Afr. gebruikliker, selfs by ons beste skrywers; en ek glo nie dat ons dit aan Engelse invloed hoef toe te skryf nie, soos prof. Le Roux wel meen (vgl. verder bl. 135). Heel waarskynlik het ons hier met kongruensie of attraksie te maak (vgl. bl. 128).

Vgl.: „Hy moet glo baie bars met ou Willem gepraat het, want die ou se lus is somar weg. — Die bedrag moet nou al opgeloopt het. — Daar moes soldate gepatrollêr het, want toe twee burgers die draad knip, bars daar 'n skietery los. — Rondom die jaar 1858 moes dit vir die jonger digters 'n lewe gewees het. — Hulle moes baie mooi gewees het in hulle jeug. — Ek moes al ses pype uitgerook gehad het, maar my seekatjie het nog rondgeflenter.”

(B) In die *persoonlike reksie* kom slegs *moes* voor en dit druk 'n *irrealis* of onwerklikheid uit, bv.: „As daar een mens gelukkig moes gewees het, dan was dit Sarie. —

Die gesig moes nooit myne gewees het nie. — Jy moes Jakkals snags by hom sien slaap het. — Jy moes hom gesien spook het. — wat hy moes laat bly het. — Jy moes hom van vooraf kon gesien het."

(3) Kan, kon

(A) In die *persoonlike reksie* vind ons twee betekenis:

1. *Vermoë, in staat wees*, bv.: „Die skape kan nie deur nie. — Daarom kan ek jou iets sê wat ek nie sou waag om aan ander te beken nie. — Ek wens dat ek kan saamstap. — Rig die steen op sodat dit 'n teken kan wees."

Die verlede tyd hiervan word deur *kon* aangedui: „Hoe kon Leonore verstaan wat hy wou hê? — Sy moes haar bes doen sodat die dame kon sien dat Afrikaners kan kook."

2. *Erkenning of begeerte* van spreker, bv.: „Julle kan op T. drink, maar ek sal op K. drink. — Dis 'n voorbeeld wat die Unie kan navolg."

(B) In die *onpersoonlike reksie* druk die ww. 'n *logiese moontlikheid* uit: „Dit kan nie meer lank duur nie. — Hulle kan naby die sewentig wees. — Hy het geweet dat daar moeilikheid kon kom."

Die *modale waarde* van die sekondêre vorm (nl. vae moontlikheid of vermoë) blyk uit die volgende sinne wat betrekking het op die teenwoordige tyd: „Hoe sal haar moeder glimlag as sy haar kon sien. — Sy wens dat dit al Saterdag was dat sy kon wegkom. — Wat kon hy haar wou vertel?"

'n Uitsonderlike gebruik van die hulpww. vind ons in: „Hulle kon so aanhou met praat."

KAN/KON + DEELW. + HET

Ons vind hier presies dieselfde as by *moet* en *moes* + voltooië inf., nl. dat die *onpersoonlike reksie* met die waarde van 'n logiese veronderstelling of *hipotese* deur *kan* of *kon* aangedui kan word, maar dat die *irrealis* slegs deur *kon* uitgedruk word.

(A) *Onpersoonlike reksie, 'n logiese moontlikheid*: „Wat daar met haar gebeur het, kan oorgeplant gewees het in sy siel. — 'n Mens kan al Vondel se werke gelees het en tog niks van letterkunde weet nie. — Daar verskyn feitlik geen natuurbeskrywings meer nie. En tog kon die natuur-liefde nie doodgegaan het nie. — Die Trekkers kon tog nie anders gewees het as enige ander groep boeremense nie.”

(B) *Persoonlike reksie, 'n onwerklikheid*: „As ek nie half bedwelmd was nie, kon ek amper geskrik het. — Ek wens ek kon meer gelaai het vanmôre.”

(4) Mag, mog

Die sekondêre vorm is aan die uitsterf en kom slegs by enkele skrywers voor, o.a. Langenhoven. „Dit mog nie gebeur nie. — Ek sou aanhou met sak as dit nodig mog wees (verlede tyd). — Hy wens dat die dag van môre duisende myle ver mog wees.”

Meestal druk die ww. die *begeerte* of *verlof* van die spreker of die onderwerp van die hoofsin uit: „Hulle sal nie, hulle mag nie sterwe nie. — Mag hy beter hardloop volgende keer.”

By Boerneef het ek 'n voorbeeld teëgekom van nog 'n ander betekenis in: „Hy mag hardloop” = kan baie goed hardloop. Dit sluit gedeeltelik aan by die ou betekenis van *mag* = kan.

Wanneer die subjek in die eerste persoon staan, druk dit die *verlof* van 'n ander uit: „Ek mag nie eens my baard laat groei nie.”

Volgens prof. Le Roux sou die volgende onjuis wees: „dat ek nie by my koms droefheid mag hê nie. — maar dat julle mag weet.” Prof. Le Roux gee 'n aantal voorbeelde van dieselfde aard wat hy afkeur (Afrikaanse Taalstudies, bl. 43). Prof. Le Roux se voorbeelde lyk my wel oortuigend maar nie sy verklaring dat die modale hulpwwe. „nie altoos in hulle letterlike betekenis gebruik word nie, maar die een dikwels die plek inneem van die ander.” Sulke stellings weerspreek alles wat ons in hf. II oor woordbetekenis gesê het. Dit kom my voor dat ons hier voorbeelde van

kontaminasie het, en wel van direkte met indirekte rede (hoof- en bysin), bv.: „Mag niemand verontrus word onder hierdie verdrukkinge nie./sodat niemand moet verontrus word onder hierdie verdrukkinge nie.” Die kontaminasie-produk is: „sodat niemand mag verontrus word onder hierdie verdrukkinge nie.”

Wat die juiste waarde betref van die hulpwwe. waaroor prof. Le Roux skryf, glo ek dat die uiteensetting in hierdie hoofstuk die antwoord verskaf.

Die ww. kom meestal met persoonlike reksie voor. Vgl.: „Hy het verklaar dat voorstelle wat gedoen mag word, ondersoek sou word. — Ek mag in staat wees om hulp te verskaf. — Daar mag meer as drie wees. — Hy het 'n vrees dat dit mag gebeur. — Hulle het geen benul gehad van waar dit mag te voorskyn kom nie.”

Hoewel ons in bostaande voorbeelde Engelse invloed kan vermoed, is dit moeilik te bewys, want dieselfde waardes vind ons ook in Nederlands (vgl. Overdiep, bls. 441—3).

MAG + DEELW. + HET

(A) Dit dui 'n vae moontlikheid van 'n voltooide feit aan wanneer dit in *onpersoonlike reksie* staan, bv.: „Die soort lewe mag vir die Hollanders mooi gewees het. — Wie dit ook al mag gegooi het. — Die grootste kritici was nie wetenskaplik nie, hoe suiwer hulle oordeel ook mag gewees het.”

(B) *Persoonlike reksie* — *Verlede tyd*, bv.: „Die slawe moes goed na gekyk word en geeneen mag die slawe mishandel het nie (std. VII-leerling). — Ek mag dit nie gedoen het nie. Ek moes haar laat bly het (Van Melle).”

(5) Wil, wou

Die onderskeid is eerder temporaal as modaal. Die ww. kom slegs *persoonlik* voor en druk steeds die *begeerte* van die subjek uit.

WIL, bv.: „Ek wil amper gaan sê in ander lande ook. — Wat wil jy hê?”

Wou. *Verlede tyd*, bv.: „Hy het aangedring dat hy hulp wou hê.” *Modale vorm*, bv.: „Ek wou dat ek uit die land is.”

Wou + DEELW. + HET

'n *Versagtende vorm* uit beleefdheid, bv.: „Ek wou gevra het of ek 'n kortpad mag loop.” *Irrealis*, bv.: „Ek wou net gaan slaap het. — Ek wou al lankal geskryf het.”

Dit is uiters moeilik om die onderskeid tussen die irrealis en die verlede tyd van „wil” te bepaal, en gevolglik word die bostaande vorm dikwels (verkeerdelik) vir die verlede tyd gebruik, bv.: „Die oubaas wou die hondjies weggee het, maar hy wou een outjie oorgehou het” (std. VII-opstel).

DIE VORM VAN DIE VERBINDINGS

Die grammatikalisasie van 'n woord, wat as 'n vorm van slytasie kan beskou word, het heel dikwels ook invloed op sy klankgestalte. Dit kan wees dat die woord korter word, of dit kan wees—soos in Afr.—dat die woordorde vaster word (ook 'n vorm van verstarring). Ons het die prosesse by die afsonderlike wwe. aangetoon, maar hulle word hier saamgegroepeer.

(1) Het + laat en ander wwe. + ww.

Ons weet dat wanneer twee wwe. in een gesegde verbind word, daar geen voorvoegsel *ge-* na *het* staan nie. Vgl.: *het gaan loop*. — *het sien inkom*. — *het laat roep*.

Tog vind ons in die spreektaal 'n sterk neiging om die *ge-* wel voor die eerste ww. te voeg. Vgl.: *het gelaat staan*. Dit sou die moeite loon om hierdie vorme by skrywers soos Langenhoven, Boerneef, Mikro e.a. na te gaan. In *Onderzoekingen over Afrikaanse Syntaxis* verklaar Bouman dat sulke groepe op weg is om saam te smelt tot

samestellings en hy meen dat ons behoort te lees *het gelaatstaan, geblystaan*. Bevestiging vir die opvatting vind hy veral in die woordorde. Daar bestaan naamlik 'n sterk neiging om die ww. nie te skei nie, selfs waar dit moet, bv.: „Hy laat roep jou” i.p.v. „Hy laat jou roep.”

Hierdie vorm van Grammatikalisasie is onmiskenbaar by *laat*. Vgl.: „Ek skree as jy my nie laat los nie. — Pa moes nie vir Sekonjella laat los het nie. — Dit begin party van hulle lekker te laat voel. — Kom ons laat staan dit.” Die duidelikste blyk dit waar die groep as géheel in die passief oorgebring word: *laat tuis voel word, laat sak word* (Onderzoekingen, bl. 21). Hoewel laasgenoemde verbinding geen onbekende in die spreektaal is nie, het ek die konstruksies selde in skrif gevind. Die enkele wat ek hier siteer, kan miskien die vrugte van vertaling uit Engels wees: „dat die mes laat val is; dat die tog laat vaar moes word; dat hy gaan haal is.” Vgl. hiermee die klaarblyklike anglisme: „Mans is gesien vlug die stad uit.”

Langenhoven openbaar hier, soos gewoonlik, getrou die neigings van die volkstaal. By hom heers daar onsekerheid t.o.v. die vorme van die passief en veral die passief van verbale groepe met twee of meer hulpww. Vgl.: „Of as hy van veraf gesien aankom was (of gesien was aankom) — 'n hoofdraad wat nooit laat los word nie (wat nooit los geword is nie).” Mnr. Delport, aan wie se skripsie ek bostaande ontleen, wys verder daarop dat Langenhoven in die verbinding *het + ww. + ww.* besliste voorkeur gee aan die vorm met *ge-* by die eerste ww., bv.: „het gehelp inbring. — het gehoor brom.” Tog skryf Langenhoven in een sin: „Toe Hoop die skippie sien kom en gesien teruggaan het.” Dus *sien* en *gesien* naas mekaar!

'n Aspek van die saak wat ons in die skrif ontgaan, is die klankgestalte. Juis dit is opvallend dat *laat* in die gesiteerde vorme fonologies verskil van die selfstandige ww. *laat* (= toelaat). Laasgenoemde bevat 'n lang *a* maar die vokaal van die hulpww. is 'n kort *a* of selfs die neutrale onbeklemtoonde *e*.

Prof. Bouman bring die verskynsels in verband met defleksie in Afr. en soek na 'n verklaring vir die ontstaan

van dié woordgroepe. Hy beskou hulle as „het resultaat van een verstand affekt.” Daarmee wil ek akkoord gaan, en ook sy verklaring van ander opvallende „afwykende” sintaktiese verbindings soos die indringing van die imperatief in die plek van inf. en indikatief (bls. 26—8) lyk my aanneemlik. Maar al die verskynsels sien ek uit die standpunt van Grammatikalisasie.

In Engels vind ons dieselfde verskynsel, volgens Kruisinga: „He let the axe slip. — He let slip the axe . . . , In the last construction the verb 'let' is completely subordinated, both in meaning and phonetic form, so that it is little more than a prefix making the following stem transitive, e.g. I let fall a remark. — It was let slip” (bl. 435).

In Afr. veroorsaak die twee betekenisse van *laat* somtyds misverstand en gewestelik (Bolands) word dit dus in sommige verbindings vervang deur *maak*: „Maak hulle op hul pote staan, ou swaer. — Dan maak staan ons die een hier.”

(2) **Aanhou, ophou, begin, durf**

Hierdie woorde verkeer in 'n soort tussenstadium; somtyds word hulle met die inf. verbind deur middel van *om te*, somtyds sonder voorsetsels; *aanhou* en *aangehou*, *durf* en *gedurf* wissel met mekaar af. Dit staan ook i.v.m. die volgorde van die woorde. Let op die volgende voorbeelde:

„Ek het aanhou speel met die kleintjies. — Die weerglas het toe al twee dae lank aangehou sak. — Hy het mnr. W. aangehou vra om die skare te bedaar. — Die vis het opgehOU met byt. — Toe het hy opgehOU skree. — Ek het nooit opgehOU om daaraan te werk nie. — Die vrekte onder die lammers het al begin afneem. — Party mense het al begin te praat van Stokwil. — Vroutjie het hom begint kos te gee. — Het hulle al ooit begin om die maste op te rig? — Dit is 'n volk so heg soos ons hom nooit durf droom het nie. — Hoe het jy gedurf om voor te gee ek verstaan!” (Vgl. ook bl. 110.)

(3) „Het” as infinitief

Na die modale wwe. is *hê* die infinitiefsvorm, maar in verbinding met die volt. deelw. (die sog. voltooide infinitief) vind ons *het*. Vgl.: „Wat wil jy *hê*? — Wat sou jy *gedoen het*?” Miskien hou dit verband met die feit dat *het* in laasgenoemde geval altyd na die deelwoord staan en foneties die waarde het van *et* (onbeklemtoonde *e*). Hierdie onbeklemtoonde posisie kan miskien verklaar waarom ons nie die nadruklike vorm *hê* daar vind nie. Vgl.: *moes gewees 't; kon gesien 't; wou gehelp 't*.

Volgens dr. Scholtz kom die vorm *het* in dié funksie nie by Boniface voor nie, wel by Meurant en Bezuidenhout, in die jare tussen 1844—'51 (T.W.K., Des. '43, bl. 102).

(4) Sou + kon, moes, wou + inf.

In die *Handleiding vir Sekondêre Afrikaansleerlinge* verklaar C. P. van der Merwe: „Vorme soos *sou dit kon doen*, 'ek *het* dit nooit *kon droom* nie' i.p.v. *kan* is interessanter as korrek” (bl. 59).

Hierdie stelling lyk my volkome onaanvaarbaar, want die vorm wat Van der Merwe bepleit mag die logicus bevredig, maar dit is bepaald nie die gebruiklikste nie. Vgl.: „Dit *het* die nasie gestaal vir die stryd wat hy later *sou moes* voortsit. — dan *sou* jy van my *moes* hou. — 'n Mens *sou* die vrae *moes kon* stel. — Geen predikant *sou kon* voorgebly het nie. — Hy *sou* graag die gaselle agterna *wou* gesit het. — Geen miljoenêr *sou* my genoeg *kon* aangebied het nie. — Jy *sou moes* uitgeklim het.” My bronne is sulke standaardskrywers soos Langenhoven, die broers Louw e.a.

Prof. Le Roux meen dat ons hier met voltooide infinitiewe te maak het, maar vir prof. Bouman is dit 'n geval van „direkte attraktie, waarbij de modale stemming van de gehele zin, die door het woord *sou* of *moes* wordt ingeleid, zich formeel uitbreidt over alle daarvoor in aanmerking komende vormen” (Onderzoekingen, bl. 57).

In Mnl. en nog veel later is 'n vorm met o normaal by die infinitief (Franck, bl. 138, Ndl. Wkk. VIII (1) 550). Of die vorm *om te kon* wat ek sporadies in Afr. teëgekom het in verlede tyd-verband enige verband hiermee het asook met *sou + kon*, en of dit 'n geval is van verbale kongruensie, is moeilik te beslis.

(5) **Het + kon, moes, wou + inf.**

In Ndl. vind ons twee tipes verbinding: *heeft kunnen, moeten, willen* en *had kunnen, moeten, willen*. Eersgenoemde is die voltooid teenwoordige tyd en laasgenoemde 'n modale vorm, die *irrealis*, wat die onwerklikheid uitdruk (in heel enkele gevalle die voltooid verlede tyd).

In Afr. vind ons eersgenoemde tipe in die skryftaal: „Hoe het sy die mededeling moet verskuiwe (D. F. Malherbe). — Ek het 'n vreeslike tyd moes deurmaak (Die Huisgenoot). — Ek het dit tot my leedwese moet bemerk (L. Maré). — Ek het my nooit kon voorstel dat mens sulke Fariseërs kon kry nie. — Hulle het hul nog nie los kon maak van die ou opvatting nie (H. du P. Scholtz). — Eminenza het dit self so wil hê (Leipoldt). — Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak (Psalm 3).”

In sy ontleding van Boniface se Afr. merk dr. Scholtz op dat *het + moet* wat by Boniface voorkom, vandag deur *moes* aangedui word en dat die samegestelde vorm vandag nog „onder basters in die binneland gehoor word” (t.a.p., bl. 85). Bostaande voorbeelde toon egter dat die vorme nog voorkom, ook in beskaafde kringe.

In die spreektaal het ek dit in kringe in die Boland teëgekom wat hoëgenaamd nie onder Nederlandse invloed kon staan nie. Daar het dit meestal die waarde van 'n *irrealis*. Vgl.: *het nooit kon dink* nie; *het dit al moes doen*. Vgl. ook: „*het ek nooit kon droom* dat die voorreg my sou te beurt val nie” (Boerneef).

Die gebruik van die vorme *kon, moes, wou* i.p.v. *kan, moet, wil* sou ek weer verklaar as *attraksie*, soos in die vorige groep.

DIE BEGRIPPE TYD EN MODALITEIT

Met **modaliteit** bedoel ons die verhouding van die spreker tot sy taaluitings. Ons het reeds i.v.m. die bywoorde op hierdie verhouding gewys. So wysig die woorde *nie*, *miskien*, *dalk* die waarde van 'n sin fundamenteel; hulle dui aan of ons met feite, veronderstellings ens. te maak het.

Ons het in Afr. geen stelsel van **modi** of wyses *nie*; die modaliteit van 'n sin hang af van: bywoorde; die vorm van die sin, bv. wensvorm, vraagvorm, bevelvorm, bysinvorm; voegwoorde soos *as*, *mits*, *al*; modale wwe.

Op al hierdie faktore kan ons nie wys *nie*, slegs op sommige wat i.v.m. die modale wwe. staan.

Een van die grootste moeilikhede hier is dat tyd en modaliteit by die modale wwe. in so 'n noue verband met mekaar staan dat 'n skelding tussen die twee begrippe eintlik kunsmatig is. Wanneer ons bv. die keuse tussen *sal* en *sou* het in sinne soos „Hy het gesê dat hy dit *sal* doen” en „Hy het gesê dat hy dit *sou* doen,” dan het die keuse eweseer met tyd as met modaliteit te maak. Die een taalkundige meen miskien dat *sal* die werklike toekoms aandui, m.a.w. dat die daad nog voorlê, terwyl *sou* 'n toekoms aandui wat nou reeds verby is. Maar 'n ander taalkundige sal vind dat *sou* iets onwerkliks aandui in teenstelling met die stelligheid van *sal*. Inderdaad hang die twee dinge saam, want wat in die verlede as 'n voorneme bestaan het, kan nou agteraf blyk onwerklik te wees. Hierin onderskei Afr. nie skerp *nie*, maar in die volgende geval is daar wel 'n skelding tussen tyd en modaliteit: „Hy moes elke môre vroeg *opstaan*. (Hy het.) — Ek moes liever vroeg *opgestaan* het. (Ek het *nie*.)” (Vgl. Overdiep, bl. 65.)

Ons sien die vermenging van tyd en modaliteit duidelik by **hoef** en **behoort**. Die twee wwe. het self geen verlede tyd *nie*; die verlede van „Jy *hoef* dit *nie* te sê *nie*” en „Hy *behoort* dit te *weet*” is „Jy *hoef* dit *nie* te *gesê* het *nie*” en „Hy *behoort* dit te *geweet* het.” Maar dit is geen suiwer verlede tyd *nie*, want die begrippe van paslikheid

en noodsaaklikheid staan gedeeltelik los van die tyd. In die twee bostaande sinne spreek ons dus 'n gevoel uit omtrent iets, en deel nie feite mee nie. „Jy hoef dit nie te gesê het nie” en „Hy behoort dit te geweet het” impliseer „Jy het dit gesê” en „Hy het dit nie geweet nie,” m.a.w. dit is onwerklike of irreële bewerings.

Dit is interessant dat die ooreenkomstige wwe. in Engels, *need* en *ought*, ook self geen verlede tydsforme besit nie. Vgl.: „You need not have done it” en „He ought to have known it.” Die verlies van die Ndl. Imperfektum *hoefde* en *hoorde* kan dus ewe goed toegeskryf word aan 'n sekere logiese proses wat parallel loop aan Eng. as aan 'n fonetiese wet. Vgl.: „The preterites of some of them are only used as modal preterites, not as past tenses” (Kruisinga, bl. 290).

Ook die sekondêre vorme *sou*, *kon*, *moes*, *wou*, druk eerder modaliteit as tyd uit, soos blyk uit die volgende gevalle waar die tydsbegrip *sal*, *kan*, *moet*, *wil* — of geen modale ww. — vereis: „Ek wens dat sy *wou* skryf. — Hy *wou* wag totdat ons *sou* kom. — Jy *kon* gerus vanaand hier bly. — Jy *moes* hom nou 'n slag voor stok kry. — Ons *sou* julle graag help. — Ek *wou* dat ons hier weg was. — Wat *kon* die fout wees? dink hy. — Ek *wou* net vra of ek kortpad mag loop. — Dit *sou* te lank duur om alles op te noem. — Al was hy hier *sou* hy ons tog nie kan help nie.”

Die bogenoemde tipes sinne vertoon egter geen gestandaardiseerde gebruik van die modale wwe. nie; daarom beperk ek my opmerkings tot drie belangrike tipes:

(In die spreektaal bestaan daar 'n sterk neiging om *moes*, *kon*, *wou* + voltooid inf. vir die gewone verlede tyd te gebruik. Dus: „Ons *moes* elke oggend om sesuur opgestaan het (i.p.v. *moes* opstaan).” Dit vind — m.i. tereg — geen ingang by ons skrywers nie, omdat dit eerder aan slordigheid as aan 'n bepaalde behoefte te wyte is.)

(1) Bysinne in die Indirekte Rede

Vgl.: „Hy het voorgestel dat ons *moes* volg. — Ek het hom gevra of ons *moet* skiet. — Hy het gemeen dat ons *sou* wag. — J. het gesê dat hy *sal* wag. — Ek het geweet

dat hy dit *kan* belet. — Hy het besef dat daar moeilikheid *kon* kom. — Ons het gehoor jy *wil* hom vervolg. — Hy het aangedring dat hy hulp *wou* hê.”

M.i. word die vorme in hierdie sinne taamlik lukraak gebruik, m.a.w. die skrywers sou nie altyd rekenskap kon gee van hulle voorkeur vir die een of ander vorm nie. Tog sou dit moontlik wees om te onderskei en om die onderskeidings te standardiseer. Waar die bewering bevat in die bysin stellig is, behoort ons die voorkeur aan die primêre vorm te gee, bv.: „Ons het gehoor jy *wil* hom vervolg (jy wil dit nog steeds). — Ons het gehoor jy *wou* hom vervolg (dit is verby, jy het dit reeds gedoen of daarvan afgesien).” Op die oomblik het ons geen vastigheid in Afr. nie. Verskil van mening oor die vorme vind ons ook by taalkundiges soos proff. J. J. Smith, L. J. du Plessis en D. F. Malherbe. (P. J. Nienaber oor Afr. Bybelvertaling in Leuvensche Bijdragen, Jg. 27, bls. 68—9.)

(2) Voorwaardelike Sinne

Wanneer die voorwaarde onwerklik is, d.w.s. geen feit is nie, moet die veronderstelling 'n ooreenkomstige verhouding uitdruk. Daar is egter twee tipes: *vae moontlikheid* en *algehele onmoontlikheid*. Eersgenoemde tipe staan veral i.v.m. die *teenwoordige tyd* waar dinge moontlik is, en laasgenoemde i.v.m. die *verlede tyd* waar die moontlikheid verby is, maar ons vind ook algehele onmoontlikheid in die teenwoordige sinne.

- (a) VAE MOONTLIKHEID. Vgl.: „Ek *kon* dit doen as ek *wou*. — Ek *sou* te min stemme kry as ek *sou* staan. — Hy *moes* net praat, dan *sou* jy 'n ding sien. — As daar tyd *was*, *kon* ons nog alles skik.”

In hierdie tipe sin bevat albei dele gewoonlik 'n sekondêre vorm soos *sou*, *kon*, *moes*, *wou*; veral *sou* is gebruiklik.

- (b) **ALGEHELE ONMOONTLIKHEID.** Vgl.: „As dit vyande gewees *het*, dan *sou* hulle dit smoor *gehad het*. — Ek *sou* baie skaam *gevoel het*, as hy dit *moes gehoor het*. — Ons *kon* haar gaan haal *het*, as sy net betyds *laat weet het*. — Ek *sou* nou op die oomblik 'n duisend pond daarvoor *wou gegee het*, as ek die geld *gehad het*. — *Het* jy net eerder *gepraat*, dan *sou* ons al lankal die saak *geskik het*. — As julle net 'n bietjie langer *wou gewag het*, dan *sou* ons mos die oubaas *kon voorgekeer het*.”

In hierdie tipe sin vind ons gewoonlik *het* + *deelwoord*, of as gesegde of as infinitief na *sou*, *kon*, *wou*, *moes*; veral *sou* + *voltooide inf.* is gebruiklik.

Dit is onnodig om daarop te wys dat ons meestal sekondêre vorme in verbinding met mekaar vind, dus *sou kon* en nie *sou kan* nie (vgl. bl. 128).

(3) Logiese Noodsaaklikheid of Moontlikheid

Wanneer ek sê: „Jy moet dit doen, hoor!” druk ek my *eie begeerte* uit, maar in „Hy moet al sewentig jaar oud wees,” is daar geen persoonlike gevoelens nie, dog 'n *onpersoonlike noodsaaklikheid*.

Hierdie onderskeid tussen *persoonlike* en *onpersoonlike* reksie het ons al in hf. III bespreek (bl. 45) en ook in hierdie hoofstuk het ons telkens gewys op die twee tipes reksie by *sal*, *kan*, *moet*. Die probleem by die modale wwe. is dat die onderskeid tussen persoonlike en onpersoonlike reksie slegs uit die betekenis te haal is en geen formele uitdrukking vind nie. Vgl.: „Dit mag waar wees (= is moontlik). — Julle mag nie uitgaan nie (= verbod van spreker). — Sy moet tog nie ingee nie (= wil van spreker). — Hulle moet glo al op tweede asem wees (= is waarskynlik). — Julle sal nie skiet nie (= verbod van spreker). — Dit sal wel die waarheid wees (= is waarskynlik). — Ek kan jou help (= persoonlike vermoë). — Dit kan te laat word (= is moontlik).”

Hier bestaan geen alternatief nie, maar ons vind twee moontlikhede by die verbinding met die voltooiide inf., nl. *kan*, *moet* + *voltooiide inf.* òf *kon*, *moes* + *voltooiide inf.* Vgl.: „Dit *kan* oorgeplant gewees het in sy siel (Langenhoven). — Die Trekkers *kon* nie anders gewees het as die boeremense van hulle tyd nie (Van Wyk Louw). — Hy *moet* glo vars met ou Willem gepraat het, want die ou was sommer nukkerig (Mikro). — Hulle *moes* al die spore van die misdaad verwyder het, want daar was niks te sien nie (H. Brand).”

Oor die algemeen skyn die verbinding met die sekondêre vorm gebruikliker te wees, maar Langenhoven gebruik beginselvas die verbinding met *kan* en *moet* (vgl. Versamelde Werke 14, bl. 24). Die rede hiervoor is natuurlik dat hy wil onderskei tussen die *onpersoonlike* reksie (*noodsaaklikheid* of *waarskynlikheid*) en die *persoonlike* reksie (*onwerklikheid*) soos ons dit vind in die volgende sinne: „Hy *kon* dit nie gedoen het nie, as iemand hom nie gehelp het nie (onwerklikheid). — Hy *kan* nie tegelyk op twee plekke gewees het nie (moontlikheid). — Dié gesig *moes* nooit myne gewees het nie (onwerklikheid). — Hulle *moet* baie mooi gewees het in hulle jeug (noodsaaklikheid).”

Daar bestaan egter nog geen vastigheid in Afrikaans nie.

Die Nederlandse Vorme

Dit het sy nut om te wys op die Nederlandse vorme vir die begrippe, want deur die vergelyking kan die onderskeid miskien duideliker blyk, en dit werp ook lig op die ontstaan van die Afr. vorme.

(1) ONPERSOONLIKE REKSIE (HIPOTESE)

Die Nederlandsch Woordenboek verklaar: „ een zin met kunnen kan dan worden vervangen door een zin met wellicht, allicht, misschien, mogelijk, bv.: „Nog geene drie dagen kon onze held gevaren hebben of hij zag in de verte een eilandje liggen. — Het kan zelfs nog erger zijn geweest. — Er kan iets zeer onbetamelijks

en laakbaars gebeurd zijn. — Hij kan de trein gemist hebben.' (VIII (1) 550.)

„Evenals kunnen wordt ook *mogen* gebruikt in zinnen waardoor iets wenschelijks of noodigs wordt aangeduid, bv.: „Koo mogt mij dat wel geschreven hebben.’

„Een zin met *mogen* kan dan worden vervangen door een zin met *wellicht*, *allicht*, *misschien*, *waarschijnlijk*, bv.: „Wie mag hem deze anecdoten hebben meegedeeld?’ (IX, 1005.)

„*Moeten*. Ter aanduiding dat men iets logisch noodzakelijk acht, bv.: „Houdt gij u niet overtuigd dat zij geestiger en beminnelijker geweest moet zijn dan zij zich in de brieven aan u voordoet? — Eenige tijd van beraad zal daar moeten verstreken zijn, voordat hij kon terugkeeren. — Er wordt uitgemaakt dat de schilder dronken geweest moest zijn.’” (IX, 988.)

(2) PERSOONLIKE REKSIE (IRREALIS)

Overdiep wys daarop dat die verlede tyd konjunktief gebruik word vir die irrealis (Stil. Gr., par. 177), maar in par. 173 verklaar hy dat die konjunktief met weinig uitsonderinge in Ndl. uitgesterf het.

Die irrealis word dus gewoonlik deur ander middele uitgedruk en wel deur die plusquamperfectum, bv.: „Dat had je moeten weten hier had ik nog van dienst kunnen zijn. — Je had nog erover willen praten met Paul maar die had niet gewacht. — Ik had 't ook niet in 't Concert-gebouw moeten doen. — Als hij 't niet beneden gevonden had, zou hij nu zoo iets niet zeggen” (Armoede).

Die enigste Nederlandse vorm wat ooreenstem met die irrealis in Afr., is dié met „zou”: „Hij zou alles hebben gegeven om haar nu niet te hoeven ontmoeten.”

Van waar kom die Afrikaanse vorm van die irrealis dan? M.i. moet ons nie die verklaring slegs langs een weg soek nie. Daar is eerstens die moontlike invloed van „sou” as voorbeeld; tweedens die moontlikheid dat dieselfde vorm in die volkstaal bestaan het. Ek het bv. in die Nederlandsch Woordenboek teëgekom: „Een schurk

die al lang moest zijn opgehangen worden." Die derde moontlikheid lê in die **woordskikking**. Prof. Bosman het my nl. daarop attent gemaak dat daar in Van Riebeeck se Dagboek *bysinne* voorkom met die volgende afwykende woordorde: „den steenoven die wij laten metselen hebben. — gelijck (hij?) voor dezen ook moeten doen had.”

Hier vind ons die volgorde *modale hww. + ww. + hebben*, waar dit in die Algemeen Beschaafd sou wees *hebben + modale hww. + ww.* Die woordorde by Van Riebeeck stem dus ooreen met die irrealis in Afr., maar die regerende ww. (vf.) is in Van Riebeeck se sinne *hebben* en in Afr. die modale hww. Dit is egter moontlik dat met die defleksie van die ww. in Afr. die eerste ww. (modale ww.) as vf. beskou is en die gewone ww. later as deelw. i.p.v. inf. behandel is.

Dié verklaring lyk baie waarskynlik wanneer ons let op dr. Scholtz se opmerking dat die agterplasing van hê in die 17de-eeuse Holl. heel gewoon was, soos bv. in „Gheen touwen en soudén connen houden hebben” (T.W.K., Des. '43, bl. 104). Die voorbeelde wat dr. Scholtz aanhaal en dié wat te vinde is by Overdiep, het slegs infinitiewe waar Afr. die hoofww. as deelw. behandel („sou kon gehou het”).

Na aanleiding van 'n sin van Meurant: „Jy moet tog zijn gezig gezien het” vir die „irrealis van die optatief” merk dr. Scholtz op: „Dit is vandag ook moontlik in Afr., hoewel die verlede tyd *moes*, soos Ndl. vereis, gewoner is” (t.a.p., bl. 61). Ek vind dit moeilik om hom hier te volg, want volgens Overdiep is die gewone vorm vir irrealis die plusquamperfectum, nl. *had + inf. + inf.* (t.a.p., par. 173). Wat Afr. betref is *moet* 'n moontlike vorm vir dié aanduiding van 'n hipotese maar na my wete nooit vir 'n irrealis nie.